**Laat ons kyk watter vaardighede en inhoud in die ATP vir Graad 1 Termyn 4 gelys word:**

| OPSOMMING VAN DIE HERSTELDE ATP: Graad 1 TERMYN 4 |
|---|
| **LUISTER EN PRAAT** |
| **1** Luister sonder om die spreker te onderbreek en neem beurte om te praat deur respek te toon vir die spreker en vrae te stel ter verduideliking.<br>**2** Praat oor persoonlike ervaringe en gevoelens, byvoorbeeld, deur nuus te vertel.<br>**3** Luister na stories en lug 'n mening daaroor.<br>**4** Gebruik terminologie soos sin, hoofletter en punt.<br>**5** Luister na, geniet en reageer op prent- en woordraaisels, raaisels en grappies en gebruik verbeeldingryke taal.<br>**6** Neem deel aan groepbespreking en gee terugvoering namens die groep.<br>**7** Gebruik eenvoudige strategieë om inligting te vind, byvoorbeeld, deur 'n opname te maak van die manier waarop leerders by die skool kom.<br>**8** Klassifiseer inligting, byvoorbeeld, deur individuele prente te gebruik<br>**9** Luister na instruksies en aankondigings en reageer gepas.<br>**10** Vertel 'n bekende storie met 'n begin, middel en einde en wissel stemtoon en -volume.<br>**11** Beantwoord geslote en oopeindevrae. |

| KLANKE |
|---|
| ***Nota aan onderwyser:***<br>• *Sorg dat u woorde opbou en afbreek:*<br>  • *Ouditief (fonemiese bewustheid)*<br>  • *Ouditief en Visueel (klanke)* |
| **1** Hersien alle enkel- en dubbelklanke wat reeds onderrig is.<br>**2** Herken en gebruik klanke wat uit twee vokale bestaan, soos ie - mier, ou - kous, eu - seun, ei - seil, oe - koek, ui - huis.<br>**3** Vorm woorde met aangeleerde klanke.<br>**4** Groepeer bekende woorde in klankfamilies.<br>**5** Herken meervoude (-s, -e).<br>**6** Lees die aangeleerde woorde in sinne en ander tekste.<br>**7** Leer om tien woorde per week te spel, uit klanklesse. |

| HANDSKRIF |
|---|
| **1** Hou potlood en kryt korrek vas.<br>**2** Vorm klein- en hoofletters korrek en vloeiend wat grootte en posisie betref, d.w.s. begin en eindig op die regte plekke.<br>**3** Kopieer en skryf woorde met korrekte spasiëring.<br>**4** Kopieer en skryf korrekte kort sinne. |

| GROEPBEGELEIDE LEES |
| --- |
| ***Notas aan onderwyser:***<br>• *Plaas leerders in dieselfde vermoë leesgroepe.*<br>• *Kies tekste / boeke op die regte vlak vir elke groep.*<br>• *Laat elke groeplid toe om alleen te lees en bied leiding terwyl hulle lees.* |
| **1** Lees hardop uit eie boek tydens groepbegeleide lees saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.<br>**2** Gebruik klankkennis, sigwoorde, kontekstuele leidrade en strukturele analise dekoderingsvaardighede tydens leessessie.<br>**3** Leerders begin hulself tydens lees te monitor in beide woordherkennings- en begripsvaardighede.<br>**4** Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking (lees met gevoel).<br>**5** Bou steeds aan 'n sigwoordeskat wat verkry word uit insidentele lees, gegradeerde leesreekse en hoëfrekwensie woordelyste. |

| ONAFHANKLIKE LEES |
| --- |
| **1** Lees boeke uit die klasbiblioteek.<br>**2** Lees eie en ander se skryfwerk en begin om foute te korrigeer. |

| GEDEELDE LEES |
| --- |
| **1** Lees boeke as 'n klas saam met die onderwyser / Luister en volg terwyl die onderwyser lees.<br>**2** Bespreek logiese volgorde van die storie.<br>**3** Gebruik die boekomslag om die einde van 'n storie en storielyn te voorspel.<br>**4** Gebruik leidrade en prentjies in die boek vir begrip.<br>**5** Identifiseer die oorpsronklike probleem in die storie wat die storie aan die gang sit.<br>**6** Beantwoord hoër orde vrae wat gebaseer is op die geleesde teks.<br>**7** Interpreteer inligting wat in plakkate voorkom.<br>**8** Herken oorsaak en geevolg in die storie. |

| SKRYFWERK |
| --- |
| ***Notas aan onderwyser:***<br>• *Gebruik gedeelde skryfaktiwiteite om die skryfproses (beplanning, rofwerk/opstel en publiseer) te modelleer.*<br>• *Verskaf 'n skryfraamwerk om kinders te help om hul stories te skryf.* |
| **1** Dra idees by en hersien 'n klas- / groepstorie (gedeelde skryf).<br>**2** Bespreek idees vir skryfwerk met klasmaats.<br>**3** Skryf ten minste drie sinne of eie nuus of skeppende storie en gebruik aangeleerde klankkennis, bekende sigwoorde, hoofletters en punte.<br>**4** Skryf en illustreer sinne oor 'n onderwerp om 'n bydrae te maak tot die leeshoekie.<br>**5** Spel bekende woorde korrek.<br>**6** Gebruik teenwoordige en verlede tyd korrek met hulp van die onderwyser.<br>**7** Vorm meervoude van bekende woorde met -s en -e aan die einde van die woord.<br>**8** Gebruik voorsetsels korrek.<br>**9** Skep 'n woordbank en persoonlike woordeboek deur die beginletter van woorde te gebruik soos gil, hen, ink.<br>**10** Organiseer inligting in eenvoudige grafiese vorme soos 'n kaart of tydlyn om, byvoorbeeld, die resultate van 'n opname oor hoeveel kinders skool toe kom, neer te skryf. |

| Assessering van Leer: Tellingkaart | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Name van Leerders** | **Luister & Praat** | **Klanke** | | **Lees & Begrip** | | **Handskrif** | **Skryfwerk** | **Totaal** |
| | Vertel 'n bekende verhaal met 'n begin, middel en einde met wisselende toon en stemvolume | Gebruik konsonantverbindings om woorde op te bou en af te breek. | Herken dubbelklanke/ digrawe bv.: aa-, ee-.oo.-uu-oe- | Identifiseer die aanvanklike probleem.waaroor die verhaal handel. Identifiseer volgorde van gebeure. Beantwoord vrae van hoër orde soos 'Dink jy ...? / Waarom het…? | Beantwoord letterlike vrae. Maak voorspellings. Rangskik die gebeure in die regte volgorde. | Kopieer en skryf 'n sin op korrek wyse. | Skryf 3 sinne oor eie nuus met behulp van aangeleerde klanke en algemene sigwoorde, hoofletters en punte. | |
| **Assesseringsaktiwiteitsnommer** | **4.1** | **4.2** | **4.3** | **4.3** | **4.4** | **4.5** | **4.6** | |
| 1 | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | |

| 4.2: KLANKE | |
|---|---|
| **DOEL** | **Bou woorde met die aangeleerde klanke** |
| **IMPLEMENTERING** | Doen dit in week 5 of 6 tydens die Maandag-skrifles |
| **AKTIWITEIT** | • Sê vir leerders dat hulle na 'n skoon bladsy moet gaan en die opskrif: *Klanktoets* moet skryf.<br>• Wys vir leerders hoe om 'n bladsy in hul boeke in die helfte te vou en tussen 1-5 in die kantlyn en tussen 6 - 10 in die middel van die bladsy te skryf.<br>• Verduidelik aan leerders dat u die nommer gaan uitroep en dan 'n klank of woord. Hulle moet die klank of woord langs die regte nommer skryf.<br>• As die leerders nie weet hoe om 'n klank of woord te skryf nie, moet hulle 'n streep langs die nommer trek.<br>• Leer leerders om stil te bly tydens toetse, en om nie na iemand anders se werk te kyk nie.<br>• Stel 'n lys van 5 klanke en 5 woorde saam om uit te roep - sorg dat alle klanke wat getoets is, onderrig is.<br>• Stel 'n lys op van 10 woorde om te vra - maak seker dat elke woord 'n konsonantverbinding bevat wat aangeleer is, byvoorbeeld: dr-i-nk; st-oe-p; ens.<br>• Neem die leerders se boeke in aan die einde van die toets en merk die toets.<br>• Assesseer elke leerder deur die onderstaande RUBRIEK te gebruik. |

| **RUBRIEK** | **VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2** | **VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4** | **VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6** | **VLAK 4 GRADERINGSKODE 7** |
|---|---|---|---|---|
| | Die leerder het 1-3 woorde korrek gespel. | Die leerder het 4-6 woorde korrek gespel. | Die leerder het 7-9 woorde korrek gespel. | Die leerder het 10 woorde korrek gespel. |

| 4.4: LEESBEGRIP | |
|---|---|
| **DOEL** | **Luister na en werk met 'n teks:**<br>• Identifiseer aanvanklike probleem waaroor die verhaal handel.<br>• Identifiseer volgorde van gebeure.<br>• Beantwoord vrae van hoër orde soos 'Dink jy ...? / Waarom het…? |
| **IMPLEMENTERING** | • Dit kan enige tyd vanaf week 4 tot week 7 gedoen word<br>• Doen dit op Vrydae tydens die mondelinge aktiwiteit.<br>• Bespreek die teks of op Vrydae tydens gedeelde lees: Na-Lees aktiwiteit. |
| **AKTIWITEIT** | • Vra leerders om 1-2 van elk van die volgende soorte vrae oor die teks te beantwoord.<br>• Gebruik die gedeelde leesverhaal van die vorige week.<br>• Roep die klas tot orde om die taak te voltooi.<br>• Roep dan individuele leerders na jou lessenaar om die assessering te voltooi:<br>**Vraag oor die aanvanklike probleem:**<br>**1** Wat was die probleem aan die begin van die verhaal?<br>**2** Wie of wat het hierdie probleem veroorsaak?<br>**Volgorde:**<br>**1** Wat het aan die begin van die verhaal gebeur?<br>**2** Wat het aan die einde van die verhaal gebeur?<br>**3** Wat het gebeur na ...?<br>**4** Wat het eers gebeur:… of…?<br>**Oop-einde vrae:**<br>**1** Waarom dink jy ...?<br>**2** Kan jy 'n verbinding maak met ...?<br>**3** As jy...was wat sou jy doen? Waarom? |

| RUBRIEK (Punt uit 14) | VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2 | VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4 | VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6 | VLAK 4 GRADERINGSKODE 7 |
|---|---|---|---|---|
| **VRAE OOR DIE AANVANKLIKE PROBLEEM** | Die leerder kan nie die aanvanklike probleem identifiseer waaroor die verhaal gaan nie. (1) | Die leerder kan die aanvanklike probleem identifiseer. Die leerder kan nie identifiseer wat die probleem veroorsaak het nie. (2) | Die leerder kan die aanvanklike probleem identifiseer. Die leerder kan ook wie of wat die probleem veroorsaak het identifiseer. Die leerder sukkel om sekere besonderhede wat verband hou met die probleem te herroep. (3) | Die leerder kan die aanvanklike probleem identifiseer. Die leerder kan ook wat of wie die probleem veroorsaak het identifiseer. Die leerder onthou duidelik alle besonderhede wat met die probleem verband hou. (4-5) |
| **VOLGORDE** | Die leerder kan nie volgorde van gebeure uit die teks heroep nie. (1) | Die leerder kan die volgorde van gebeurtenisse met 'n mate van ondersteuning korrek heroep. (2) | Die leerder kan die volgorde van die gebeurtenisse heroep, maar dit neem tyd. (3) | Die leerder kan die volgorde van alle gebeurtenisse vinnig en korrek uit die teks heroep. (4) |
| **OOP VRAE** | Die leerder kan nie 'n oop einde vraag oor die teks korrek beantwoord nie. (1) | Die leerder beantwoord 'n oop einde vraag oor die teks, met 'n mate van ondersteuning, korrek. (2) | Die leerder beantwoord 'n oop einde vraag oor die teks korrek, maar kan nie die antwoord motiveer nie. (3) | Die leerder beantwoord 'n oop einde vraag oor die teks korrek en kan die antwoord motiveer. (4-5) |

| 4.5: SKRIF | |
|---|---|
| **DOEL** | • Kopieer en skryf sinne op die korrekte wyse. |
| **IMPLEMENTERING** | • Doen dit tydens 'n handskrifles van weke 5-6 of weke 7-8. |
| **AKTIWITEIT** | • Bied die handskrifles soos gewoonlik aan.<br>• Maak seker dat leerders 'n paar sinne van die bord afskryf.<br>• Terwyl leerders skryf, loop rond en kyk na hulle werk.<br>• Neerm leerders se boeke aan die einde van die les in.<br>• Merk elke leerder se handskrif met behulp van die onderstaande rubriek. |

| **RUBRIEK (Punt uit 7)** | **VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2** | **VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4** | **VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6** | **VLAK 4 GRADERINGSKODE 7** |
|---|---|---|---|---|
| **SKRIF: SINNE** | Die leerder sukkel om 'n sin korrek te kopieer en te skryf. Daar is baie foute met lettervorming, spasiëring tussen woorde en konsekwentheid van grootte. Die leerder skryf stadig. (1-2) | Die leerder kopieer en skryf 'n sin wat meestal korrek is. Daar is 'n paar foute met lettervorming, of spasiëring tussen woorde, of konsekwentheid van grootte. Die leerder skryf stadig. (3-4) | Die leerder kopieer en skryf 'n sin korrek. Die leerder se skryfspoed of netheid kan verbeter. (5-6) | Die leerder kopieer en skryf 'n sin korrek, netjies en teen 'n goeie spoed. (7) |

| 4.6: SKRYFWERK | |
|---|---|
| **DOEL** | • Skryf 3 sinne oor eie nuus deur gebruik te maak van klanke wat aangeleer is en algemene sigwoorde, hoofletters en punte. |
| **IMPLEMENTERING** | • Doen dit gedurende die skryfles van weke 3-4, weke 5-6 of weke 7-8. |
| **AKTIWITEIT** | • Bied die skryfwerklesse soos gewoonlik aan.<br>• Neem leerders se boeke aan die einde van die skryfsiklus in.<br>• Merk elke leerder se handskrif en skryfwerk volgens die onderstaande rubriek. |

| **RUBRIEK (Punt uit 14)** | **VLAK 1 GRADERINGSKODE 1-2** | **VLAK 2 GRADERINGSKODE 3-4** | **VLAK 3 GRADERINGSKODE 5-6** | **VLAK 4 GRADERINGSKODE 7** |
|---|---|---|---|---|
| **SKRYF: OORSPRONKLIKHEID** | Die idee is moeilik om te verstaan, of is nie oorspronklik nie - die voorbeeld van die onderwyser word gekopieer. (1) | Die idee is verstaanbaar en oorspronklik, hoewel dit soortgelyk is aan die voorbeeld. (2) | Die idee is persoonlik en oorspronklik. (3) | Die idee is persoonlik, oorspronklik en kreatief. (4-5) |
| **SKRYF: LENGTE EN SINSTRUKTUUR** | Die leerder het 'n paar woorde of 'n frase geskryf. (1) | Die leerder het een korrek gestruktureerde sin geskryf. (2) | Die leerder het twee korrek gestruktureerde sinne geskryf. (3) | Die leerder het drie korrek gestruktureerde sinne geskryf. (4-5) |
| **SKRYF: LEESTEKENS** | Die leerder sukkel om konsekwent en korrek hoofletters en punte te gebruik. (1) | Die leerder gebruik hoofletters en punte korrek, maar sukkel met ander leestekens. (2) | Die leerder gebruik alle geleerde leestekens voldoende, maar maak af en toe foute. (3) | Die leerder gebruik alle geleerde leestekens korrek en maak selde foute. (4) |